

Vrydag 5 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 15:18-27

Fokusgedeelte: Johannes 15:26; HK Sondag 20, Antwoord 53

Die Heilige Gees troos ons

In bogenoemde uitspraak van Christus (Joh. 15:26) bevestig Hy dat as die Heilige Gees kom, Hy Hom (Christus) as Verlosser sal verkondig en ons so aan Hom sal bind. Hierdie uitspraak is vir ons van besondere betekenis as ons belydenis sê dat die Heilige Gees ons troos. Dit kom trouens daarop neer dat as die Heilige Gees ons troos, Hy dit nie doen met mooi klinkende woorde en uitdrukkings nie. Nee, as die Heilige Gees ons troos, dan troos Hy ons met Christus.

- As ek droefheid oor die dood van 'n dierbare ervaar, dan is dit die Heilige Gees wat my troos deur my te verseker dat Christus die dood oorwin het (1 Kor. 15:20, 55-57).
- As ek platgeslaan word deur die harde slae van die lewe en die aanvegting van Satan, dan help die Gees my weer deur my daaraan te herinner dat Christus die wêreld en Satan oorwin het (Joh. 16:33; Rom. 8:37).
- As my dierbares nie meer daar is nie en ek nou alleen my pad deur die lewe moet vind, dan is dit die Gees wat my verseker dat Christus volgens sy belofte ook by my sal wees al die dae van my lewe (Matt. 28:20).
- As die een skok na die ander my tref en dit vir my voel of God my verlaat het, dan is dit die Gees van God wat saam met my gees getuig dat ek om Christus ontwil 'n kind van God en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (Rom. 8:16, 17).
- So vertrou die Heilige Gees ons deur Christus en al sy weldade aan ons voor te hou (Gal 3:14).

Dit is belangrik om daarop te let dat ons belydenis sê dat die Heilige Gees tot in ewigheid by ons bly. Dit stem ooreen met die versekering wat Christus self aan ons gegee het toe Hy gesê het: “Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak gee *om vir ewig by julle te wees*” (Joh. 14:16). Dit beteken dat ons die ryk vertroosting wat die Heilige Gees ons bied, vir altyd besit. Selfs as ons nie daarvan bewus is nie, is die Heilige Gees nog *by* ons en *in* ons harte.

Daar kom soms dae van sonde en geestelike dorheid in ons lewe. Dit gebeur as ons die Heilige Gees bedroef en Hy Hom van ons terugtrek. Op sy tyd sit Hy egter sy heiligende werk in ons weer voort. So kom daar ná insin-king weer oplewing, want die Heilige Gees gaan nooit weg van die kinders van God nie. Dan ervaar ons in ons eie lewe opnuut weer die heerlike werking van die Heilige Gees as gawe van God.